# Woer War

**Jaargang: 1985 + 40** **Uitgawe 3** **14 Maart 2025**


## Vêr in die wêreld, Kietie...........

**Johan Grobler (Grobbies)**

In die jare 70's en 80's was meeste van ons se lewens nog redelik ongekunsteld met relatief min komplikasies. Ons het in 'n homogene samelewing opgegroei in 'n dood middelklas woonbuurt in Pretoria, Suid Afrika.

Centurion, of Verwoerdburg soos ons dit in ons skooldae geken het was nou nie juis die middelpunt van tegnologie, moderne denke en vooruitgang nie. Ek vermoed dat dit een van die redes is waarom heelwat van on sou 85 Groepie uitgewyk het na die uithoeke van die aarde. Hoewel die meeste van klasmaats hulle steeds in en om die Hoofstad bevind het ander die land volgetrek en word die meeste provinsies deur ons verteenwoordig. Dan is daar die rêrige avontuursoekers wat landuit getrek het en deesdae burgers van ander lande is, en hulle huistaal nou Engels is!

Australië en Nieu Zeeland was 'n gewilde bestemming vir ons Woeries en 'n hele paar klasmaats bevind hulle aan die Wes en Ooskus van Oz en ook op die Noord en Suid-eiland van NZ!





Dan is daar natuurlik heelparty wat glad nie aandag aan die Boere-oorlog geskiedenis gegee het nie en deesdae "Die Eiland" soos ek dit noem, heul met die vyand! Toemaar, ons sal julle hans-kakies maar julle sondes vergewe!

Die V.S.A. was natuurlik ook 'n gewilde bestemming en 'n paar maats bevind hulle in die TRUMP territories.

Toe ek so een vir een weer kontak maak met ons Woeries wat groener weivelde buite ons grense gaan opsoek het, het 'n interessante vraag by my opgekom. Wie het die vêrste weggetrek uit Centurion? Wie was die grootste avonturier?

Aanvanklik het ek gereken dat die nuwe Nieu Zeelanders dalk die verste is, of dalk Daleen in Denemarke? Anmar in Kalifornië?

Maar nee, Gert van Schalkwyk wat in Alberta, Kanada woon het die vêrste weggetrek! Amper 16000km vanwaar hy in Clubview grootgeword het!




Vriend Gert is eers op die gevorderde ouderdom van 49 vir die eerste keer getroud met Erika, bykans 20 jaar sy junior. Gert en Erika en hulle drie spruite woon nou sowat 2 jaar in ysige Kanada.

Ter wille van interessantheid heg ek 'n lys van 1985 Woeries aan wat volgens my rekord hulself in die buiteland bevind. Maak gerus met hulle kontak en hoor hoe dit gaan.

***1985 Woeries in die buiteland:***

Adriana Botha, nee Stander – Nieu Zeeland
Colleen Kuluza, nee Aves – Nieu Zeeland
Elize van Sandwyk, nee Rousouw – Australië
Sebastian de Beer – Australië
Karen Heigers – Indië
Lizette Beineke, nee Snyman – Nieu Zeeland
Raymond Nel – Florida, VSA
Thia Ferrero, nee Steyn – Australië
Annelies Cramer, nee Du Plessis – Nederland
Matthys Botha – Verenigde Koninkryk
Marinda Roux, nee Van Huysteen – Australië
Pieter Janse van Rensburg – Australië
Dirk Potgieter – Nieu Zeeland
Esmé Deysel, nee Van Schalkwyk – VK
Francois Pienaar – Australië
Gert van Schalwyk – Kanada
Heindrich le Roux – North Carolina, VSA
Inelda Holtzhausen, nee Kapp – VSA
Jeffrey Neveling – VK
Deleen Wilcox, nee Maré – Denemarke
David Louw – Namibië en UAE
Dawie de Vaal – Nieu Zeeland
Daniel Grobbelaar – Australië
Carin Horne, nee Kruger – VK
Anmar Sadie – CA, VSA
Jaco van Wyk – Australië
Amanda van Wyk, nee Conradie – Australië
Adri Muller, nee Van Wyk - Australië

